PERSVERKLARING: VIR ONMIDDELLIKE OORDRAG
DATUM: 16 Maart 2020

’n Dringende verklaring van Artscape aangaande COVID-19 (Coronavirus)

President Ramaphosa het ’n Nasionale Ramp Toestand verklaar in agting die Corona virus pandemie, COVID-19. Van die beperkings sluit in reis verbannings en ’n beletting op publieke byeenkomstes van 100 of meer persone – om sosiale distansieëring te bewerkstellig, wat ’n kritieke stap is in die beheer van verspreiding. Artscape is verenig in hierdie belang om die verspreiding van COVID-19 te bekamp. Ons is baie ernstig oor die gesondheid en veiligheid van ons gehore, kunstenaars, dienslewеraars, werknemers en die publiek.

Dit is met dít in gedagte dat ons met vervaardigers en organiseerders in verbinding getree het om produksies en ander gebeurtenisse wat vir 16 Maart – 31 May 2020 geskeduleer was te kanseleer, of uit te stel.

’n Lys van hierdie produksies is beskikbaar op ons webtuiste, www.artscape.co.za.

Sê Artscape Raad Voorsitter, Princess Celenhle Dlamini: “Hierdie is moeilike tye vir ons almal plaaslik, streeksgewys en globaal, en vir die Artscape Raad is dit van kardinale belang om die veiligheid en welvaart van al ons belanghebbendes, beide binnenshuis en uitwendig, maar veral ons werknemers, vervaardigers en kunstenaars, wie totaal afhanklik is van die inkomste wat gegenereer word deur die produksies wat op ons verhoë speel, te verseker. Totdat COVID-19 uitgewis is, sal Artscape volhou met die Suid Afrikaanse Regering se protokols oor hoe ons as ’n nasie hierdie epidemie tesame en vereenigd gaan teen stry. Ons wens ook sterkte toe aan diegene wat aangesteek is, en deel ons innige meegevoel met die families en vriende van mense wat gesterf het.”

Marlene le Roux, Artscape se uitvoerende hoof, eggo hierdie sentiment: “Ek het ’n lang en dringende vergadering met my beplanningspan gehad om na elke produksie te kyk wat geskeduleer was om by Artscape plaas te vind tussen Maart en Mei 2020. Ons het produksies wat geskeduleer was vir hierdie periode suksesvol gekanselleer of uitgestel en geherskeduleer. Elke plaaslike en internasionale vervaardiger was persoonlik in verbinding mee getree, en tot die beste van ons vermoë was elke eventualiteit in ag geneem en ’n gelukkige middelmaat bereik. Wees asseblief bewus dat alle uitstellings aanrakende die laaste

helfte van die jaar mag nog steeds gekanselleer word, afhangende die ontwikkelings met betrekking tot COVID-19. Ons sal almal op hoogte van sake hou hiervan."

Enige kaartjies wat tot nou toe gekoop was sal deur Computicket terugbetaal word, onderhewig aan hulle terme en voorwaardes. Om meer inligting te bekom, skakel gerus die Artscape Kaartjie Verkope kantoor (Box Office) op 021 421 7839; of die Computicket Oproepsentrum, waar hulle met meer inligting bystaan oor die kansellasie/terugbetaling proses. Jy mag die Oproep Sentrum op die volgende nommer bel: 0861 915 8000 of 011 340 8000, Maandag tot Saterdag, tussen 8vm en 8nm. Die Oproepsentrum is gesluit op Sondae en sommige publieke vakansie dae. 'n Alternatief is om 'n e-pos te stuur na: info@computicket.com, of boxoffice@artscape.co.za.

Artscape vra omverskoning vir enige ongerief wat hierdie besluite mag meebring en waardeer inniglik die ondersteuning van en verstandhouding met ons klandisie, kunstenaars, dienslewеraars, ons werknemers en die publiek.

LET WEL: 'n Lys van hierdie produksies is beskikbaar op ons webtuiste, www.artscape.co.za.

Ons sal aanhou om die situasie te monitor en sal gelei word deur die Regering se maatreëls. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na Artscape: artscape@artscape.co.za. Ons sal ook inligting opdateer deur ons sosiale media bronne en webtuiste.